

Vrug van die Gees.



Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Die vrug van die Gees !

Ons kan dit ook voorstel as die uitvoervrugte - prima gehalte van die Heilige Gees: Die bron van hierdie vrugte vind ons in **Joh 15:1-8**
Die vrug van die Gees is slegs te vinde op die Ware Wynstok in die wingerd van die Landbouer. (Die Vader)

Die ware Wynstok is in die Hemel gewortel, daarom dra dit hemelse vrugte vir ons almal. Dit wat op die aarde gewortel is, dra vrug volgens die aarde en natuurlike maatstawwe. Ons Ware Wynstok (Jesus) het uit die hemel gekom om op die aarde aan die kruispriëel vasgespyker te word, sodat Hy om die hele wêreld kan rank en vrugte dra. Vrugte van lewe, genesing in oorfloed vir die ganse mensdom.

In hierdie gelykenis lê die groot en kosbare waarheid opgesluit, nl. Die waarheid met ons eenheid met Homself; en in Hom, eenheid met mekaar. 'n Werklike en letterlike eenheid met die Here Jesus Christus.

1 Kor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

Een Gees ! Hy woon deur die Gees in my gees, verkwik en versterk my gees, en maak my gees vry en heers deur my gees oor siel en liggaam.

Deur hierdie Wynstok - gelykenis wil Jesus ons hierdie groot waarheid leer. As ons nou al die lote afkap, watter deel is dan nou eintlik die Wynstok ? Jesus is die WARE-WYNSTOK en van Hom is ons die lote. ONS IS EEN! Ons is deel van Hom ! Hy is deel van ons !

Sonder ons het Hy geen gestalte of heerlikheid om aan die wêreld te toon nie. Ons is geroep om die Here Jesus te verheerlik, mooi te maak, en vir die wêreld aantreklik te maak. Presies soos die vrugbare lote die Wynstok mooi maak en versier. Die uitstaande heerlikheid van die lote is hulle eenheid met die Wynstok, asook hulle eenheid onder mekaar.

Efes 4:3 en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.

DIE WYNSTOK = GEESTELIKE VOORREGTE !

Joh 15:1 Ek {Jesus} is die ware **wynstok**, en my Vader is die **landbouer**.

Joh 15:2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; **en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.**

Joh 15:3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.

Joh 15:4 Bly in My, soos Ek in julle. **Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie**, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.

Joh 15:5 **Ek is die wynstok, julle die lote.** Wie in My bly, en Ek in

hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

Joh 15:6 As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Joh 15:8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

‘n Wynstok moet ‘n landbouer hê om hom te plant en te bewaak, om vrug te ontvang en daarvoor bly te wees. Jesus sê: “My Vader is die landbouer.” Hy was die Wynstok wat God geplant het. Alles wat Hy was en gedoen het, was Hy aan Sy Vader verplig; en in alles het Hy Sy Vader se eer en heerlikheid gesoek. Hy het die ware Wynstok geword, sodat ons die ware lote kan word. Ek is die ware Wynstok. Alles wat die wynstok ooit vir die loot kan wees, wil Ek vir julle wees.

Daardie Wynstok het uit die Hemel na die aarde gekom en is op die kruis -prieël vasgespyker, waarvandaan Hy om die hele wêreld rank en vrugte dra. Die lewensap van die ware Wynstok, is die Heilige Gees self voorgehou in die Bybel as die Lewende water. Sy Bloed is gestort en nou vloei die sap van die lewe, die Heilige Gees, die Lewende water van God uit die hemel deur Jesus tot ons, en voorsien aan ons, deur Hom, die vrug van die Heilige Gees. Elke loot is dus afhanklik van die sap van die Wynstok vir oorlewing, en kan nie onafhanklik voortleef nie.

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; **want sonder My kan julle niks doen nie.**

‘n Loot is eenvoudig ‘n stuk hout, voortgebring deur die wynstok vir die een doel om hom te dien deur sy vrugte te dra. Dit is van dieselfde karakter as die wynstok, en het dieselfde lewe en gees. Die loot bestaan vir een doel, die een taak waaraan hy hom volkome wy. Dit is om vrug te dra wat die wynstok wil hê. Net so het die kind van die Here ook maar net een rede waarom hy ‘n loot is, en net een rede vir sy bestaan op aarde, dat die Hemelse Wynstok deur hom Sy vrug mag dra. **(Word die loot vervolgd, dan word die Wynstok ook vervolgd. Hand 9:5)**

Prima, uitvoer produkte van die Heilige Gees vrug sal wees dat jou medemens ook kan kom korrel. So moet die karaktertrekke van die Wynstok ook in die loot waargeneem word **{JESUS VRUGTE}**. Elke weergebore kind van God is veronderstel om gedurig daarvan te eet en te geniet, dag en nag, solank as wat die Heilige Gees vloei, vier en twintig uur per dag. Voordurend is Hy besig met sy aflewering, sy voorsiening, sy aanbidding, sy prima hemelse produk en ons is veronderstel om dit te eet en te geniet

en versadig te word, en so die geaardheid van die **Wynstok (JESUS)** deelagtig te word. Al daardie kwaliteite is kenmerke van Sy lewe in ons, en al daardie vrugte was in Sy lewe duidelik sigbaar.

Fil2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Jesus vrugte !
Is Prima en Uitvoer Gehalte.



Joh 15:2 “Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg;”

Wat wil die Here vir ons sê oor vrug ? Eenvoudig dit — dat die vrug die rede is waarom die loot bestaan, en dat as hy nie vrug dra nie, dan neem die landbouer hom weg. **{Elke loot wat verwyder word, was dus in die Wynstok gewees.}**

Eseg 18:24 Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe ? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. {Die landbouer het dus geen vrug aan die droë loot gevind nie, en hom weggeneem}.

Die Wynstok is die heerlikheid van die Landbouer, die loot is die heerlikheid van die Wynstok; **die vrug is dan die heerlikheid van die loot.** As die loot geen vrug voort bring nie, is daar geen heerlikheid of waarde in hom nie; hy is ‘n aanstoot en ‘n hindernis vir die landbouer en word dan weggeneem.

Vers 6 (b) En hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand.

Die vrug wat die loot dra is nie vir homself nie, maar vir sy eenaar. Vrug wat versamel en weggeneem moet word {Uitvoer gehalte}. Die loot ontvang inderdaad van die wynstok sap vir sy eie lewe, waardeur hy dikker en sterker groei. Die hoofdoel van die loot is om vrug te dra, sodat wanneer die landbouer die blare wegdruk, Hy die pragtige prima - uitvoer gehalte vrug sal sien. Laat ons dan waak teen die gevaar van ‘n **vruglose lewe.**

Ons het in die gelykenis van die **wynstok en die lote** die wonderlikste, die diepste, en heerlikste van al die treffende gelykenisse van die Here - Jesus. Dit laat ons dink aan die skrywe in die gemeente van Efese.

Efes 5:30 " Want ons is lede van sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene" {Ons is in 'n werklike, letterlike eenheid met Jesus Christus.}

1 Kor 6:17 "Wie die Here aanhang, is een gees met Hom." {**Een gees!** Hy woon deur die Gees in my gees, verkwik en versterk my gees.}

1 Kor 2:10 "Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God."
Die uitstaande heerlijkheid van die lote is seker hulle eenheid met die wynstok, en hulle eenheid met mekaar. Ons het hier weer 'n voorstelling van die Here Jesus as **een met Sy Bruid**, en die Bruid **een met mekaar in Hom**.

Die lote van die wingerdstok verskil van mekaar. Sommige is dik, ander dun; sommige is lank, ander kort; sommige het meer blare, ander minder. Ons sal nêrens in die wêreld 'n wingerdstok kry waarvan twee lote in alle opsigte eenders is nie. En tog maak hulle nie onder mekaar rusie nie. Almal harmoniseer in die wynstok.

In die Hoëpriesterlike gebed van Jesus [**Joh 17**] bid Hy **sewe maal** tot die Vader vir: "**DIE WAT U MY GEGEE HET**" min of meer dieselfde woorde "Ek bid vir hulle". Dat Hy drie-en-veertig maal die woord 'HULLE' gebruik. Die onsigbare en tog onmisbare deel van die wingerdstok is die sap wat gedurig uit die wortels deur die stam, lote en elke blaar vloei. Die ware loot het die ware wynstok se natuur. Die strome van lewende water hou nooit op om deur te vloei nie, omdat hy nooit ophou om te ontvang nie. Die lewe van die wynstok, die sap, vloei uit deur die lote in die vorm van druiwe. Die lewensap van die ware WYNSTOK, is die Heilige Gees self, voorgehou in die Woord as die lewende water. **Die lote is daar om die wynstok te verheerlik en hulle doen dit deur vir die wêreld heerlike, geurige ryp druiwe te gee. (Die uitvoer - prima gehalte druiwe van die Heilige Gees.)**

JESUS die **WYNSTOK** het uit die hemel na die aarde gekom en is op die **kruisprieël vasgespyker**, waarvandaan **HY om die hele wêreld rank** en vrugte dra van verlossing, vrymaking en genesing tot 'n aangename geur. (**Gal 5:22** Maar die vrug van die Gees is **liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.**) **Jesus vrugte, uitvoer gehalte.** Elke weergebore kind van God is veronderstel om gedurig daarvan te eet en te geniet, dag en nag, solank as wat die Heilige Gees lewe vloei, en dit is vier en twintig uur per dag. **Prima Vrugte.** Nou word daar aan **u wingerd gekorrel** deur u **medemens**, dié in die kerk, **u mede broeder en suster in die Here, familie en vriende.** Hulle korrel die **liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goed-**

heid, getrouheid, sagmoedigheid, en selfbeheersing.

DIE GEESTELIKE SNOEISKÊR !

Joh 15:2 Elke loot wat vrug dra, **die maak Hy skoon**, sodat dit meer vrug kan dra. Die belangrikste sorg van die Landbouer is die snoeiwerk. Die snoeiwerk moet gedoen word sodat dit **goeie en meer vrug moet dra**. Snoei en skoonmaak is nie die verwydering van onkruid, dorings en distels wat van buite af kom nie. Dit is nie sonde nie, dit is die afsny van die lang ranke van die vorige jaar, die verwydering van iets wat van binne af kom. Hoe kragtiger die groei was, hoe groter die behoefte aan snoei. Dit is die eerlike gesonde hout van die wynstok wat moet weggesny word. Ek moet minder word sodat Jesus Christus in my gestalte kan kry. Alles wat nie saamgaan met verordening aan die beeld van Christus Jesus nie, moet weggesny word. Hoe deegliker die reiniging en wegsnyding van alles van 'SELF', hoe meer onverdeelde sal ons oorgawe aan die leiding van die Heilige Gees wees. Mag ons Heilige Landbouer reinig en wegsny alles wat in ons 'n mooi vertoning wil maak, of wat 'n bron van selfvertroue en **selfverheerliking** kan word. Here, hou ons baie laag sodat geen vlees mag roem voor U aangesig nie. Hy wie homself verneder sal verhoog word.

Dit is die WOORD VAN GOD wat die **snoeiskêr** is.

Hebr 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige **twesnydende swaard**, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

DIE VERDROOGDE LOTE !!

Joh 15:6 As iemand in My nie bly nie, **word hy uitgewerp soos die loot en verdroog**, en hulle maak dit bymekaar en **gooi dit in die vuur, en dit verbrand**. { Die ewige Hel. Mat 25:41\ Luk 16:19-31 }

Iemand kan in 'n verhouding met Christus wees en selfs vrug dra, en tog kan hy uitgewerp word. Wanneer hy nie in Christus bly nie, kan hy verdroog en uitgewerp word soos die loot, wat lei tot verbranding. Daar bestaan wel so iets soos 'n verdroogte loot; iemand wat die blydschap, liefde en vreugde van die Wynstok eenmaal in sy lewe ervaar het, en verdroog het. **Elke loot wat dus verdroog het, was in die wynstok gewees!** Die rede vir die uitwerping is, dat dit **geen vrug dra nie**. Baie duidelik stel Jesus dit in **vers 2**. Dat **HY** elke loot wat nie vrug dra nie **wegneem**.



Vers 6: Droë lote is bestem vir die vuur (hel) en verbranding.

Die keuse berus by die loot of hy in die WYNSTOK (JESUS) wil bly al dan nie. Dit is onmoontlik vir enige loot om te kan bly voort bestaan onafhanklik van die WYNSTOK. Hy is verdroog sonder vrug en sonder lewe. Dit is die WYNSTOK wat die LEWE gee.

(Joh 14:6 (b)) EK (JESUS)is die weg en die waarheid en die LEWE".

(Joh 6:63) Dit is die GEES wat lewend maak ..

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer **{beveel, gelas} om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun (Die WYNSTOK)**, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;

Die rank kan nie uit homself druiwe voortbring nie, dis onmoontlik. Die geheim van die rank se lewe lê in **kontak met die WYNSTOK**.

Ons deel hier ‘n verhaaltjie wat ‘n pragtige en beeldende illustrasie van die vrug van die Gees is.

DIE VERLORE PENNING !

Luk 15:8 Of watter vrou wat tien pennings het, as sy een penning verloor, steek nie ‘n lamp op en vee die huis uit en **soek sorgvuldig** totdat sy dit kry nie?

Vers 9 En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het.

Volgens oorlewing het ‘n man in daardie dae, wanneer hy met ‘n **vrou trou**, ‘n halssnoer met **tien pennings** om sy vrou se nek gehang. Indien sy **ontrou aan hom is**, word daar ‘n **penning** op ‘n **prominente** plek verwyder. Dan weet almal wat haar sien dadelik dat sy ontrou was. Daarom dat die vrou in Lukas 15 **so sorgvuldig na haar verlore penning gesoek het**. Sy kon, **onskuldig**, as ‘n **ontroue, owerspelige vrou gebrandmerk** word indien sy nie die penning gekry het nie.

Ons hoor vandag so baie dat die huwelik ‘n “menslike instelling” is, dus ag ons dit noodsaaklik om kortliks oor die huwelik uit te brei.

HUWELIK [HAT woordeboek]

Dit is ‘n **wettige verbintenis** tussen twee persone van die **teenoorgestelde geslag** om **lewenslank** as **man en vrou** saam te leef.

In die huwelik tree, trou. **[Nie saambly nie !!!]**

TROU !

Reeds in Genesis lees ons van die huwelik!

Genesis 38:2 En Juda het daar die dogter van 'n Kanaänitiese man gesien met die naam van Sua; en **hy het met haar getrou en by haar ingegaan.**

Lukas 14:20 En 'n ander een het gesê: Ek het 'n vrou getrou en daarom kan ek nie kom nie.

Matteus 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, **getrou en in die huwelik uitgegee het**, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,

Hebreërs 13:4 Laat die **huwelik** in alle opsigte **eerbaar wees** en die bed onbesmet; want God sal **hoereerders en egbrekers oordeel**. Die huwelik word dikwels in die Bybel gebruik as **simbool** van God se verhouding met die volk Israel, asook Jesus se verhouding met Sy kerk [Sy bruid]. Daarom is heiligheid en reinheid in die huwelik so uiters belangrik.

Ons Bruidegom [Jesus Christus] het ook vir ons 10 pennings gegee as blyk van Sy liefde. Die vrug van die Gees (=9 pennings) **PLUS GEHOORSAAMHEID.**



Laat ons **elke dag** seker maak dat ons nog **al tien ons pennings** het. Indien ons dalk **een verloor het**, moet ons ook dadelik die **LAMP (die Woord van God) opsteek**, die **besem (van die Heilige Gees)** neem en **ons harte sorgvuldig uitvee**; tot in die donkerste hoekies.

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is **liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.**

Ons begin dus by **LIEFDE**:

1. DIE VRUG VAN LIEFDE !

WIE MOET ONS LIEFHÊ ??

In die Skrif is duidelike riglyne neergelê wie ons moet liefhê.

a) Ons MOET die Here jou God liefhê.

Deut 6:5 Daarom moet jy **die HERE jou God liefhê** met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.

Deut 11:1 Daarom moet jy **die HERE jou God liefhê** en **altyd sy ordening, sy insettinge** sowel as sy **verordeninge** en **sy gebooie onderhou**.

Deut 30:16 Wat ek jou vandag beveel, is om **die HERE jou God lief te hê**, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

Josua 22:5 Neem net noukeurig in ag die onderhouding van die gebod en die wet wat Moses, die kneeg van die HERE, julle beveel het, om **die HERE julle God lief te hê** en **in al sy weë te wandel** en **sy gebooie te onderhou** en **Hom aan te hang** en **Hom te dien met julle hele hart en met julle hele siel**.

Luk 10:27 En hy antwoord en sê: **Jy moet die Here jou God liefhê** uit jou **hele hart** en uit jou **hele siel** en uit jou **hele krag** en uit jou **hele verstand**; en **jou naaste soos jouself**.

b) Jy MOET jou naaste liefhê soos jouself .

Matt 19:19 eer jou vader en moeder; en: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself**.

Matt 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself**.

Gal 5:14 14 Want **die hele wet** word vervul in een woord, naamlik: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself**.

Jak 2:8 As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself**—dan doen julle goed

Wie is my Naaste??

HAT Woordeboek

Naaste = Wat die digste tot iemand in betrekking staan. My naaste familie, vriende.

Exo 2:13 Die volgende dag het hy weer uitgegaan, en daar was **twee Hebreuse manne** wat met mekaar veg. Hy vra toe vir die een wat ongeluk gehad het: **Waarom slaan jy jou naaste?**

Lev 19:18 Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor **die kinders van jou volk** wees nie, maar jy moet **jou naaste liefhê soos jou-**

self. Ek is die HERE.

Mat 12:46 En terwyl Hy nog met die skare spreek, staan sy moeder en broers daarbuite en wou graag met Hom praat.

Mat 12:47 Toe sê iemand vir Hom: Dáár staan u moeder en u broers buite en wil graag met U praat.

Mat 12:48 Maar Hy antwoord en sê vir die een wat Hom dit vertel het: **Wie is my moeder? En wie is my broers?**

Mat 12:49 En Hy steek sy hand oor sy dissipels uit en sê: Dáár is my moeder en my broers.

Mat 12:50 **Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder.**

c) Ons MOET Mekaar liefhê.

Joh 13:34 ‘n Nuwe gebod gee Ek julle, **dat julle mekaar moet liefhê;** soos Ek julle liefgehad het, **moet julle ook mekaar liefhê.**

Joh 15:12 Dit is my gebod, **dat julle mekaar moet liefhê** net soos Ek julle liefgehad het.

1 Pet 1:22 As julle **in gehoorsaamheid aan die waarheid** julle siele deur die Gees tot **ongeweinsde broederliefde** gereinig het, **moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart;**

1 Joh 4:7 Geliefdes, laat ons **mekaar liefhê;** want die liefde is uit God, en elkeen wat **liefhet**, is uit God gebore en ken God.

Vers 8 Hy wat nie **liefhet** nie, het God nie geken nie, want **God is liefde.**

Vers 9 Hierin is die **liefde** van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

Vers 10 Hierin is die **liefde:** nie dat ons God **liefgehad** het nie, maar dat Hy ons **liefgehad** het en sy Seun gestuur het as ‘n versoening vir ons sondes.

Vers 11 Geliefdes, as God ons so **liefgehad** het, behoort ons ook **mekaar lief te hê.**

Vers 12 Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar **liefhet**, bly God in ons en het sy **liefde** in ons volmaak geword.

Vers 13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.

Vers 14 En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

Vers 15 Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God.

Vers 16 En ons het die **liefde** wat God tot ons het, leer ken en geglo. **God is liefde**; en hy wat in die **liefde** bly, bly in God, en God in hom.

Vers 19 Ons het Hom **lief**, omdat Hy ons eerste **liefgehad** het.

Vers 20 As iemand sê: **Ek het God lief**—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie **liefhet** nie, hoe kan hy God **liefhê** wat hy nie gesien het nie?

Vers 21 En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God **liefhet**, ook **sy broeder moet liefhê**.

d) Jy MOET jou broeder liefhê.

1 Joh 4:20 As iemand sê: **Ek het God lief**—en sy **broeder haat**, is hy 'n leuenaar; want wie **sy broeder** wat hy gesien het, **nie liefhet nie**, hoe kan hy **God liefhê** wat hy nie gesien het nie?

Vers 21 En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, **ook sy broeder moet liefhê**.

1 Joh 3:10 Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat **sy broeder nie liefhet nie**.

Vers 15 Elkeen wat **sy broeder haat**, is 'n **moordenaar**; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

e) Ons MOET ons vyande liefhê.

Matt 5:44 Maar **Ek (Jesus)** sê vir julle: **Julle moet jul vyande liefhê**; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

Luk 6 :27 Maar Ek sê vir julle wat luister: Julle moet jul **vyande liefhê** en goed doen aan die wat vir julle haat.

Vers 35 Maar julle moet **jul vyande liefhê** en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag,

Rom 12:20 As **jou vyand** dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.

f) Ons MOET ons huweliksmaats liefhê.

1 Kol3:19 Manne, julle moet **jul vroue liefhê** en nie teen hulle verbit-ter word nie.

Efes 5:25 Manne, julle moet **jul eie vroue liefhê**, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het.

Vers 28 So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;

Titus 2:4 sodat **hulle** (die ou vroue) die **jong vroue** kan leer om versigtig te wees, hulle **mans** en **kinders** lief te hê,

g) Ons moet ons voorgangers [Pastoor] liefhê.

1Thes 5:12 Maar ons vra julle, broeders, **erken die wat onder julle arbeid en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan;**

1 Thes 5:13 en bewys hulle in liefde die hoogste agting terwille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.

DIE LIEFDE !

Wat is liefde? Wat sê die Skrif?

1 Kor 13:1 Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en **ek het nie die liefde nie**, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.

Vers 2 En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en **ek het nie die liefde nie**, dan sou ek niks wees nie.

Vers 3 En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en **ek het nie die liefde nie**, dan sou dit my niks baat nie.

Vers 4 Die **liefde** is **lankmoedig** en **vriendelik**; die **liefde** is **nie jaloers nie**; die **liefde** **praat nie groot nie**, is **nie opgeblase** nie,

Vers 5 **handel nie onweloweglik nie**, soek nie **sy eie belang** nie, word **nie verbitterd nie**, reken **die kwaad** **nie toe nie**,

Vers 6 is **nie bly oor die ongeregtheid nie**, maar **is bly saam met die waarheid**.

Vers 7 Dit **bedek** alles, **glo** alles, **hoop** alles, **verdra** alles.

Vers 8 Die **liefde** vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.

Vers 13 En nou bly **geloof, hoop, liefde**—hierdie drie; **maar die grootste hiervan is die liefde**.

Spr 10:12 Haat verwek twiste, maar **liefde** bedek al die oortredinge.

1 Kor 8:1 Die kennis maak opgeblase, maar die **liefde** stig.

Spreek 3:3 Laat **liefde** en trou jou nie verlaat nie; **bind dit om jou**

hals, skryf dit op die tafel van jou hart,

Rom 12:9 Laat die liefde ongeveer wees;

Rom 13:8 Wees aan niemand iets skuldig nie, **behalwe om mekaar lief te hê**; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.

Kol 3:14 En **beklee julle bo dit alles met die liefde** wat die band van die volmaaktheid is.

WAT MOET ONS LIEFHÊ?

Behalwe om mekaar lief te hê, is daar in die Skrif ook '**dinge**' wat ons moet liefhê.

Sag 8:19, maar **julle moet die waarheid en die vrede liefhê**

Ps 119:97 Hoe **lief** het ek **u wet**; dit is my bepeinsing die hele dag.

Vers 127 Daarom het ek **u gebooi lief**, meer as goud, ja, as baie fyn goud.

Vers 159 Aanskou dat ek **u bevele liefhet**; o HERE, maak my lewend na u goedertierenheid.

Spr 12:1 Een wat **die tug liefhet**, het **kennis lief**; maar wie die tereg-wysing haat, is dom.

Gal 5:13, maar **dien mekaar** deur die **liefde**.

Efes 4:2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar **in liefde verdra**

Efes 5:2 en **wandel in liefde**, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

1 Joh 4:18 Daar is geen vrees in die **liefde** nie; maar die **volmaakte liefde** dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die **liefde** nie.

Judas vers 21 en julleself **in die liefde van God bewaar**, ...

DIE HERE HET ONS ONTSETTEND LIEF!!

Hy verwag nie net van ons om liefde te gee nie, maar stel self ook die voorbeeld van onbaatsugtige liefde.

Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Jes 43:4 Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe.

Jes 48:14 Hy vir wie die HERE liefhet,

Jer 31:3 Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.

2. DIE VRUG VAN BLYDSKAP !

Die tweede vrug van die Gees is dan Blydskap!

Neh 8:11(b) Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.

Joh 15:11 Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.

1 Thes 5:16 Wees altyddeur bly.

Fil 3:1 , verbly julle in die Here.

Fil 4:4 Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!

3. DIE VRUG VAN VREDE !

Job 22:21 Sluit tog vriendskap met Hom, sodat jy vrede kan hê; daardeur sal goeie dinge oor jou kom.

Joh 14:27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Jes 57:21 Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie!

Rigt 6:24 Die HERE is vrede!

Ps 29:11, die HERE sal sy volk seën met vrede.

Ps 34:15; soek die vrede en jaag dit na.

Jes 54:13 En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die **vrede** van jou kinders sal groot wees.

Jer 29:7 en soek die **vrede** van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en **bid daarvoor** tot die HERE; want in die **vrede daarvan sal julle vrede hê**.

Vers 11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van **vrede** en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Mark 9:50? Julle moet sout in julle hê en **vrede hou met mekaar**.

Rom 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

Die eerste drie vrugte is vir die persoonlike gebruik van die kind van God. Saam met liefde, kry ons; vertroosting, sielorus, sekerheid, lig en waarheid. Hierdie drie saam bring tevredenheid in ons lewens, vergenoegdheid en ware geluk vir elke kind van God. Volle versadiging met die eerste drie vrugte bring outomaties die ander ses vrugte voort. Benut liefde, blydskap en vrede en die ander ses sal vanself in ons tevoorskyn kom. Dan sal ons medemens, gelowig en ongelowig, begin '**korrel**' aan ons '**vrugte**' - ons lankmoedigheid [d.w.s. geduld en verdraagsaamheid] ons vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Nou is daar nooit meer botsings nie. Ons word nie kwaad of vererg nie, want ons het volle tevredenheid en oorwinning. Die vrugte wat ons dra is vir hulle soet en geurig, en ons is 'n goeie advertensie vir ons Meester, Jesus Christus.

Word versadig by die 'vrugte tafel' van die Here!!!!

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. **Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.**

Joh 15:6 **As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.**

Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Joh 15:8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

4. DIE VRUG VAN LANKMOEDIGHEID !

Spr 15:18 n Driftige man verwek twis, **maar die lankmoedige laat die geskil bedaar**

1Thes 5:14 En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, **wees lankmoedig teenoor almal.**

Kol 3:12 **Beklee julle dan**, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, **met** innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, **lankmoedigheid.**

2 Tim 4:2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle **lankmoedigheid** en lering;

Heb 6:12 sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en **lankmoedigheid** erfgename van die belofte is.

5. DIE VRUG VAN VRIENDELIKHEID !

Fil 4:5 Laat **julle vriendelikheid** aan alle mense bekend word. Die Here is naby.

Jak 3:17 Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, **vriendelik**, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.

2 Tim 2:24 en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar **vriendelik** wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra.

Titus 3:2 om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, **vriendelik** te wees en aan alle mense alle sagmoedigheid te bewys.

1 Pet 3:8 En eindelijk, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, **vriendelik.**

6. DIE VRUG VAN GOEDHEID !

Rom 15:14 Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, **dat julle self ook vol van goedheid is**, vervuld met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan.

7. DIE VRUG VAN GETROUHEID !

1 Sam 26:23 Die HERE tog vergeld aan elkeen sy regverdigheid en sy **getrouheid**—

2 Kron 19:9 En hy het hulle bevel gegee en gesê: So moet julle handel in die vrees van die HERE, **met getrouheid** en met 'n volkome hart.

Lukas 16:10 Hy wat **getrou is in die minste**, is ook in die **grote getrou**; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.

Lukas 16:11 As julle dan **nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?**

Matteus 25:23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, **goeie en getroue** dienskneg, oor **weinig was jy getrou**, oor veel sal ek jou aanstel.

1 Samuel 12:24 Vrees net die HERE en dien Hom **getrou** met julle hele hart; want kyk watter groot dinge Hy by julle gedoen het.

2 Kronieke 31:12 en die offergawes en die tiendes en die heilige gawes **getrou** ingebring;

Spreuke 12:22 Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel, maar Hy het 'n welbehae in die wat **getrou** handel.

8. DIE VRUG VAN SAGMOEDIGHEID !

Matt 5:5 Salig is die **sagmoediges**, want hulle sal die aarde beërwe.

1 Pet 3:4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n **sagmoedige en stille gees**, wat **baie kosbaar is voor God**.

1 Tim 6:11 Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, **en jaag ná** die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, **sagmoedigheid**.

Efes 4:1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,
Vers 2 met alle nederigheid en **sagmoedigheid**, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra

2 Tim 2:25 Hy moet die weerspanniges in **sagmoedigheid** tereg wys,

Titus 3:2 om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle **sagmoedigheid** te bewys.

9. DIE VRUG VAN SELFBEHEERSING !

2 Tim 1:7 Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en **selfbeheersing**.

2 Pet 1:5 En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, **Vers 6** en by die kennis **die selfbeheersing**, en by die **selfbeheersing** die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug,

Spreuke 16:32 Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat **sy gees beheers**, as een wat 'n stad inneem.

Titus 1:8 maar gasvry, een wat die goeie liefhet, ingetoë, regverdig, heilig, **een wat homself beheers**;

GEHOORSAAMHEID !!

Die **TIENDE PENNING**—wat ons hier wil inlas saam met die vrug van die Gees is dan, **gehoorsaamheid**.

1 Sam 15:22 Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers **soos in gehoorsaamheid** aan die stem van die HERE? Kyk, **om gehoorsaam te wees** is beter as slagoffer, om **te luister** beter as die vet van ramme.

Hand 5:29 En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet **aan God meer gehoorsaam wees** as aan die mense.

Heb 13:17 Wees **gehoorsaam** aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

Romeine 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle juis self as diensknegte tot beskikking stel om hom **gehoorsaam** te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle **gehoorsaam** is nie of van die sonde tot die dood, of van die **gehoorsaamheid** tot geregtigheid?

2 Korintiërs 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die **gehoorsaamheid** aan Christus,

Hebreërs 5:8 Hy, al was Hy die Seun, het **gehoorsaamheid** geleer uit wat Hy gely het;

1 Petrus 1:22 As julle in **gehoorsaamheid** aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart;

Galasiërs 3:1 o, Onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie **gehoorsam** te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?

Galasiërs 5:7 Julle het goed geloop: wie het julle verhinder **om die waarheid gehoorsam te wees?**

Efesiërs 6:1 Kinders, julle moet jul **ouers gehoorsam** wees in die Here, want dit is reg.

Efesiërs 6:5 Diensknegte, **wees gehoorsam aan julle here na die vlees**, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;

Hebreërs 5:9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom **gehoorsam** is, 'n bewerker van ewige saligheid geword

Bybelverklaarders; verdeel die vrug van die Gees in drie drietalle:

Die eerste drietal [Liefde, Blydskap, Vrede] skets die Christen se algemene geestestoestand.

Die tweede drietal [Lankmoedigheid, Vriendelikheid, Goedheid] kenskets die omgang van die Christen met sy naaste.

Die laaste drietal [Getrouheid, Sagmoedigheid, Selfbeheersing] noem die beginsels wat die Christen se gedrag beheers.



Die arme Pastoor.

As hy jonk is, het hy geen ervaring nie; as hy grys is, word hy oud , en is verkrimp en verkramp.

As hy vyf kinders het, het hy te veel; as hy een het, stel hy 'n slegte voorbeeld.

As hy sy preek uitskryf of notas gebruik, is hy droog; as hy uit die vuis preek is hy oppervlakkig.

As hy illustrasies en voorbeelde gebruik, vertel hy stories; as hy dit nie doen nie, preek hy onverstaanbaar.

As hy ernstig teen sonde preek, is hy 'n helleprediker; as hy God se liefde verkondig, is hy te sag. Preek hy oor Golgotha en die Bloed van Jesus, is hy 'n slagpale prediker.

Maak hy 'n uitnodiging na sy evangelie boodskap, is hy 'n vendusie afslaer.

As hy lank preek, is hy langdradig; as hy kort preek is hy lui.

As hy nie almal tevrede stel nie, doen hy die gemeente skade aan; as hy almal tevrede stel, is hy beginselloos.

As hy 'n nuwe motor koop, kry hy te veel geld; as hy 'n ou motor ry, is hy 'n sukkelaar.

As sy vrou hom bystaan met kerkwerk, is sy voor-op-die-wa; as sy 'n eie verdienste het, stel sy nie in die gemeente belang nie.

As hy studeer, verwaarloos hy die gemeente; as hy nie studeer nie, is hy oningelig.

As hy nie tuis is wanneer jy bel nie, is hy 'n rondloper; as hy wel tuis is, doen hy nie huisbesoek nie.

As hy dinge vergeet, is sy geheue soos 'n sif; as hy niks vergeet nie, het hy ook nie veel om oor te dink nie.

1Thes 5:12 Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbeid en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan;

1Thes 5:13 en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar. (Die Pastoor.)

Heb 13:7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

Heb 13:17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.



Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—**maak jou klaar om jou God te ontmoet,**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

